



# education

Department:  
Education  
North West Provincial Government  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## PROVINSIALE ASSESSERING

**GRAAD 11**

**GESKIEDENIS V1  
NOVEMBER 2024**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**



**Testpapers.co.za**

Kopiereg v

**Past exam papers**

**Summaries**

**Study Guides**

lief

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die Voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940: LENIN SE INTERPRETASIE VAN MARXISME

VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA 1900 TOT 1940: DIE AARD VAN KAPITALISME IN DIE VSA

VRAAG 3: IDEES VAN RAS: NAZI DUITSLAND EN DIE HOLOCAUST

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940: STALIN SE INTERPRETASIE VAN MARXISME LENINISME

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA 1900 TOT 1940: ROOSEVELT SE NEW DEAL

VRAAG 6: IDEES VAN RAS: NAZI -DUITSLAND EN DIE HOLOCAUST

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord sal gevind word in die ADDENDUM.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
  - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
  - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. U word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.
6. Wanneer jy vrae beantwoord, moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling. Die bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is vervat in die ADDENDUM.

**VRAAG 1: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN OORLOGSKOMMUNISME OP RUSLAND?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

**1.1 Verwys na bron 1A.**

- 1.1.1 Definieer die historiese term *Kommunisme* in u eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Verduidelik in u eie woorde wat die Duitse filosoof Karl Marx se standpunt oor kapitalisme was. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Noem twee redes waarom groepe binne en buite Rusland teen Lenin se kommunistiese regime gekant was. (2 x 1) (2)
- 1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en u eie kennis en verduidelik waarom die kommunistiese rewolusie van 1917 in Rusland plaasgevind het. (1 x 2) (2)
- 1.1.5 Verduidelik waarom u dink die nuwe kommunistiese regering die ekonomiese beleid van Oorlogskommunisme ingestel het. (2 x 2) (4)

**1.2 Lees Bron 1B.**

- 1.2.1 Kies TWEE bewysstukke uit die bron wat daarop dui dat Lenin se nuwe ekonomiese beleid 'n negatiewe impak op die ekonomie gehad het. (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Noem DRIE effekte wat die burgeroorlog op die myne in Rusland gehad het. (3 x 1) (3)
- 1.2.3 Hoe het Lenin se regering gereageer op die protes van die plattelandse boere teen sy ekonomiese beleid? (1 x 2) (2)
- 1.2.4 Lewer kommentaar op die rede waarom u die inligting in die bron nuttig sou ag as u die gevolge van oorlogskommunisme op die mense van Rusland sou ondersoek. (2 x 2) (4)

## 1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik waarom u dink hierdie foto geneem is van die hongersnood in 1921. (1 x 2) (2)

1.3.2 Waarom dink u het hierdie hongersnood in Rusland, wat 'n belangrike voedselprodusent was voor die rewolusie van 1917 plaasgevind. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun rakende die uitwerking van oorlogskommunisme op die mense van Rusland in die 1920's. (2 x 2) (4)

## 1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Waarom het die boere volgens die bron gevra dat die kommunistiese regering omvergewerp word? (3 x 1) (3)

1.5.2 Wat dink jy het Lenin bedoel met "Ons hang skaars aan"? (1 x 2) (2)

1.5.3 Waarom het matrose in Kronstadt 'n muitery uitgevoer in 1921? (1 x 2) (2)

1.5.4 Verduidelik waarom u dink die Bolsjewiste besluit het om hul ekonomiese beleid te verander. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die betrokke bronne en u eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde), waarin u verduidelik wat die gevolge van oorlogskommunisme op Rusland was. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE GROOT DEPRESSIE DIE LEWENS VAN MENSE IN DIE VERENIGDE STATE BEÏNVLOED TUSSEN 1929 EN 1933?**

Bestudeer bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

**2.1 Verwys na Bron 2A.**

- 2.1.1 Wat volgens die bron was die onmiddellike impak van die Wall Street-aandelemark se ineenstorting van 1929? (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Verduidelik die term " ineenstorting van die aandelemark " in u eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Waarom dink u het sommige historici die depressie 'n onvermydelike mislukking van kapitalisme genoem? (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Wat word bedoel met die Groot Depressie is die skuld gegee vir die ekonomiese buitensporighede van die 1920's? (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Lewer kommentaar op die rede waarom u dink dat die bron nuttig sou wees vir 'n historikus wat navorsing doen oor die oorsake van die Groot Depressie. (2 x 2) (4)

**2.2 Lees Bron 2B.**

- 2.2.1 Identifiseer TWEE faktore uit die bron wat getoon het dat die ekonomie negatief geraak is na die ineenstorting. (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Kies DRIE bewysstukke uit die bron wat bevestig dat baie werknemers afgelê is. (3 x 1) (3)
- 2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en u eie kennis en verduidelik wat voormalige president Calvin Coolidge bedoel het met: 'hierdie land is nie in 'n goeie toestand nie'. (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Haal enige DRIE bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat arm Amerikaners die meeste deur die Groot Depressie geraak is. (3 x 1) (3)

**2.3 Bestudeer Bron 1C.**

- 2.3.1 Hoekom dink jy het die fotograaf hierdie spesifieke foto van Florence Thompson in 1936 geneem? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Verduidelik die boodskap wat die foto oordra oor die lewens van mense in die Verenigde State tydens die Groot Depressie. (1 x 2) (2)

- 2.4 Vergelyk Bronne 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C ondersteun oor die uitwerking wat die Groot Depressie op die Amerikaners gehad het. (2 x 2) (4)

## 2.5 Gebruik Bron 1D.

2.5.1 Verduidelik president Hoover se reaksie op die ineenstorting van die aandelemark en die daaropvolgende ekonomiese krisis. (1 x 2) (2)

2.5.2 Deur die inligting in die bron en u eie kennis te gebruik, verduidelik hoe suksesvol president Hoover se reaksie op die Groot Depressie was. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en u eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin u verduidelik hoe die Groot Depressie die lewens van mense in die Verenigde State tussen 1929 en 1933 beïnvloed het? (8)  
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET HITLER EN DIE NAZI -PARTY HUL MAG GEKONSOLIDEER?**

Bestudeer bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

**3.1 Bestudeer Bron 3A.**

- 3.1.1 Waarom het Adolf Hitler en die Nazi -party volgens die bron gevra vir nuwe verkiesings in 1933? (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Definieer die term *Koalisiereregering* in u eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.3 Identifiseer TWEE bewysstukke uit die bron wat die noodmagte aandui wat aan die polisie gegee is. (2 x 1) (2)
- 3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en u eie kennis, verduidelik waarom die Nazi -party die atmosfeer van paniek tot hul voordeel gebruik het? (2 x 2) (4)

**3.2 Lees Bron 3B.**

- 3.2.1 Waarom is minderheidsgroepe volgens die bron uitgesluit van die Ariese ras? (2 x 1) (2)
- 3.2.2 Waarom volgens die bron is die Jehovah se Getuies en Homoseksueles uitgesluit uit die Ariese gemeenskap? (2 x 1) (2)
- 3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en u eie kennis en verduidelik waarom u dink dat swart mans en kinders van gemengde huwelike gesteriliseer is. (2 x 2) (4)
- 3.2.4 Na u mening, waarom is die jong 'suiwer-ras' meisies deur die Nazi's in Duitsland in die Lebensborn-projek opgeneem? (2 x 2) (4)
- 3.2.5 Lewer kommentaar op die rede waarom u dink dat die bron nuttig sou wees vir 'n historikus wat navorsing doen oor Hitler se doel om 'n 'meesterras in Duitsland' te vestig. (2 x 2) (4)

**3.3 Bestudeer Bron 3C.**

- 3.3.1 Watter boodskappe word in die spotprent oorgedra oor die vyande van die Nazi's? (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Identifiseer TWEE groepe wat as vyande van die Jode beskou is. (2 x 1) (2)
- 3.3.3 Vergelyk Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C ondersteun rakende die skepping van 'n meester- ras in Duitsland deur die Nazi -party. (2 x 2) (4)

## 3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik hoe die Joodse bevolking deur die Nazi's geteiken is. (1 x 2) (2)

3.4.2 Gebruik die inligting in die bron en u eie kennis en verduidelik waarom die Duitsers op hierdie manier teenoor die Jode opgetree het. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik die inligting in die betrokke bronne en u eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde), waarin u verduidelik hoe Hitler en die Nazi party die mag in Duitsland gekonsolideer het. (8)  
**[50]**

**AFDELING B: OPSTELVRAAG**

Beantwoord ten minste EEN, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4:           KOMMUNISME IN RUSLAND 1900 TOT 1940:  
STALIN SE INTERPRETASIE VAN MARXISME LENINISME**

Stalin se beleid oor die Sowjetvolk was effektief en het die staat omskep in 'n industriële supermoondheid.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante bewyse om jou argumentlyn te ondersteun.

[50]

**VRAAG 5:           KAPITALISME IN DIE VSA 1900 TOT 1940: ROOSEVELT SE  
NEW DEAL**

Verduidelik in watter mate die New Deal verligting gebring het van die ekonomiese ontberings wat die Amerikaanse volk ervaar het.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun.

[50]

**VRAAG 6:           IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19de EN 20ste EEU: NAZI  
DUITSLAND EN DIE HOLOCAUST**

Die Nazi-party het 'n wye verskeidenheid rasse, kulturele, godsdiens- en politieke groepe geteiken in hul begeerte om 'n suiwer-geteelde meestersras in Duitsland te skep.

Bespreek hierdie stelling krities met behulp van relevante bewyse om u argument te ondersteun.

[50]

**TOTAAL: 150**



# education

Department:  
Education  
North West Provincial Government  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## PROVINSIALE ASSESSERING

### GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

ADDENDUM

NOVEMBER 2024



**Testpapers**.co.za

**VRAAG 1: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN OORLOGSKOMMUNISME OP RUSLAND?****BRON 1A**

Hierdie bron beeld die filosofie rondom Marxisties-Leninisme in Rusland uit na die rewolusie in Oktober 1917.

Kapitalisme is 'n stelsel waarin diegene wat rykdom besit, bv. finansiers en nyweraars, politieke en ekonomiese mag het. Kommunisme is 'n stelsel waarin verskillende klasse afgeskaf (beëindig) moet word en die staat (regering) alle aspekte van die lewe beheer. Die idee dat die werkersklas kapitalisme sou omverwerp en 'n kommunistiese samelewing sou skep, is in die 19de eeu deur die Duitse filosoof en skrywer, Karl Marx, ontwikkel. Die eerste kommunistiese rewolusie het in Rusland onder leiding van Lenin plaasgevind (in Oktober 1917).

Lenin het geglo dat slegs 'n sterk magtige sentrale Kommunistiese Party rewolusie kan bewerkstellig. Maar die posisie van die Kommunis was nie veilig nie. Baie groepe, binne en buite Rusland, was gekant teen die kommunistiese regime (van Vladimir Lenin). Die rede hiervoor was dat hulle die demokraties verkose parlement vernietig het, eenpartydiktatuur ingestel het en 'n radikale nuwe sosiaal-ekonomiese stelsel wou instel. (Kommunisme in die plek van kapitalisme).

Van 1918 tot 1921 was daar 'n bitter burgeroorlog, toe teenstanders van die kommuniste geveg het om die regering omver te werp. Tydens die Burgeroorlog het die regering 'n ekonomiese beleid genaamd Oorlogskommunisme ingestel om die oorlog te help wen. Met die ekonomiese beleid van die Oorlogskommunisme het die regering beheer oor alle private eiendom en nywerhede oorgeneem. Die regering het fabriek, myne, besighede, plase, hospitale, skole, winkels, die vervoerbedryf en privaat eiendom (huise) gekonfiskeer (geneem) van mense wat dit besit het. Alles in die samelewing was nou in besit van die staat/regering. Niemand is toegelaat om eiendom te erf nie.

[Aangepas uit: *In Search of History*, Grade 11, Jean Bottaro, Pippa Visser & Nigel Worden]

**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder beskryf die gevolge van oorlogskommunisme op die mense van Rusland na die rewolusie van 1917.

Die beleid het ekonomies en sosiaal 'n groot impak op Rusland gehad. Oorlogskommunisme het gelei tot 'n ernstige afname in industriële produksie en landbou. Die rekwisisie van graan het tot wydverspreide hongersnood gelei, aangesien boere geen aanspooring gehad het om surplusgraan te produseer nie. Die nasionalisering van nywerhede en die instelling van verpligte arbeid het gelei tot 'n daling in produktiwiteit, aangesien werkers geen motivering gehad het om hard te werk nie. Die ruilhandelstelsel, wat ingestel is weens die ineenstorting van die monetêre stelsel, was ondoeltreffend en het tot verdere ekonomiese agteruitgang gelei. Soortgelyk aan die impak van industrialisasie en demokrasie, het hierdie drastiese veranderinge beduidende gevolge vir die ekonomie en die samelewing gehad. Die jare van die oorlog het myne oorstroom gelaat, masjiene is stukkend geslaan, fabriekke en spoorweë in puin gelê.

Oorlogskommunisme het tot wydverspreide ontevredenheid onder die Russiese bevolking gelei. Die beleid was baie ongewild onder die boere, wat die meerderheid van die bevolking uitgemaak het. Die rekwisisie van graan het tot hongersnood en dood gelei, en die instelling van verpligte arbeid is gesien as 'n terugkeer na slawerny. Die boere het hul oeste verbrand en hul vee doodgemaak. Hierdie ontevredenheid het gelei tot talle boereopstande, wat wreed deur die Rooi Leër onderdruk is. Die sentralisering en beheer van hulpbronne tydens oorlogskommunisme het parallelle gehad met ander historiese tydperke, soos oorlogvoeringsorganisasie, waar militêre behoeftes sosiale strukture en beleid bepaal het.

[Aangepas uit: [tutorchase.com](https://www.tutorchase.com) – Oxford University: BA History]

**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n foto wat 'n Russiese boerefamilie tydens die hongersnood in 1921 toon. Dit beeld die wydverspreide hongersnood in Rusland uit.



[Uit: [tutorchase.com](https://www.tutorchase.com) – Oxford University: BA History]

**BRON 1D**

Die volgende uittreksel fokus op die resultate van oorlogskommunisme in Rusland in die vroeë 1920's na die Bolsjewistiese magsoorname.

Die gevolg van oorlogskommunisme was ekonomiese chaos. Boere het geweier om die kos te oorhandig, of het versuim om gewasse te plant wat hulle geweet het geneem sou word. Baie mense het nie genoeg rantsoene ontvang om van te lewe nie. Die situasie in die fabriek was net so chaoties met bestuurders wat na die buiteland gevlug het en werkers wat geweier het om vir hongersnood te werk. Teen 1921 het hongersnood uitgebreek. Industriële produksie was af tot 'n sewende van die 1913-vlak. Na raming het 3,5 miljoen mense aan tifus alleen gesterf. Met die ekonomie in puin, inflasie buite beheer en die land in die greep van hongersnood, het die boere gevra dat kommunisme omvergewerp word. Hulle het opgestaan teen die weermag en die CHEKA (Staatspolisie).

Lenin was so bekommerd dat hy gesê het: "Ons hang skaars aan". Weereens het die Bolsjewiste met terreur gereageer. Hulle het hul wil afgedwing deur mense in dorpe bymekaar te maak en in groepe te skiet; hele dorpe is ook in ballingskap weggestuur. Hulle moes egter 'n ernstiger opstand in die gesig staar toe die matrose in Kronstadt in 1921 gemuteer (in opstand gekom het) en meer politieke en ekonomiese vryheid geëis het. Hulle is nog altyd beskou as die lojaalste ondersteuners van die Bolsjewiste. Alhoewel Trotsky en die Rooi Leër die opstand onderdruk het, het die Party besef dat as selfs hul lojaalste ondersteuners teen hulle in opstand kom, dit tyd was om die beleid wat hulle in opstand gedryf het, te verander.

[Aangepas uit: *Russia and the USSR 1905 – 1995*, Oxford University Press, 2000 by T Downey]

**VRAAG 2: HOE HET DIE GROOT DEPRESSIE DIE LEWENS VAN MENSE IN DIE VERENIGDE STATE TUSSEN 1929 EN 1933 GEAFFEKTEER?****BRON 2A**

Die onderstaande bron verduidelik die verskillende ekonomiese faktore wat bygedra het tot die ineenstorting van die Wall Street-aandelemark in 1929 wat 'n wêreldwye ekonomiese krisis ontketen het.

Die ineenstorting van die aandelemark in 1929 kom dikwels eerste in mense se gedagtes as hulle aan die Groot Depressie dink. Die ineenstorting het byna onmiddellik aansienlike rykdom vernietig. Miskien nog belangriker, die ineenstorting het twyfel laat ontstaan oor die gesondheid van die ekonomie, wat daartoe gelei het dat verbruikers en ondernemings hul uitgawes teruggetrek/ verminder het, veral op groot kaartjie-items soos motors en toestelle. So groot soos dit was, het die ineenstorting van die aandelemark alleen nie die Groot Depressie veroorsaak nie. Sommige ekonome wys 'n vinger na proteksionistiese handelsbeleid en die ineenstorting van internasionale handel.

Die Smoot-Hawley-tarief van 1930 het die koste van ingevoerde goedere dramaties verhoog en gelei tot vergeldingsaksies deur die belangrikste handelsvennote van die Verenigde State. Die Groot Depressie was 'n wêreldwye verskynsel, en die ineenstorting van internasionale handel was selfs groter as die ineenstorting van die wêreldproduksie van goedere en dienste. Tog, net soos die ineenstorting van die aandelemark, het proteksionistiese handelsbeleid alleen nie die Groot Depressie veroorsaak nie.

Ander kenners bied verskillende verklarings vir die Groot Depressie. Sommige historici noem die depressie 'n onvermydelike mislukking van kapitalisme. Ander blameer die depressie op die "oorskot" van die 1920's: oormatige produksie van kommoditeite, oormatige bouwerk, oormatige finansiële spekulasie of 'n oormatige ongelyke verdeling van inkomste en rykdom. Nie een van hierdie verduidelikings het met tyd baie goed gewerk nie. Een verduideliking wat die toets van die tyd deurstaan het, fokus op die ineenstorting van die Amerikaanse bankstelsel en die gevolglike inkrimping van die land se geldvoorraad. Ekonome Milton Friedman en Anna Schwartz maak 'n sterk saak dat 'n dalende geldvoorraad die skerp daling in produksie en pryse in die ekonomie veroorsaak het. Namate die geldvoorraad gedaal het, het besteding aan goedere en dienste afgeneem, wat weer veroorsaak het dat ondernemings pryse en uitsette verlaag en werkers afgedank is. Die gevolglike afname in inkomste het dit moeiliker gemaak vir leners om lenings terug te betaal. Wanbetalings en bankrotskappe het die hoogte ingeskiet, wat 'n bouse spiraal geskep het waarin meer banke misluk het, die geldvoorraad verder gekrimp het en produksie, pryse en indiensneming steeds gedaal het.

[Aangepas uit: *The Great Depression: An Overview* by David C. Wheelock]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die historikus Howard Zinn se boek *A People's History of the United States: 1942–hede*. Dit fokus op die gevolge van die Groot Depressie van 1929 op die Amerikaanse industrie.

Na die ineenstorting was die ekonomie negatief geraak en het skaars beweeg. Meer as vyfduisend banke het gesluit en groot getalle besighede, wat nie geld kon kry nie, het ook gesluit. Die besighede wat voortgegaan het, het werknemers afgedank en die lone van diegene wat oorgebly het, keer op keer gesny. Industriële produksie het met 50 persent gedaal, en teen 1933 was miskien 15 miljoen (niemand het presies geweet nie) - 'n vierde of 'n derde van die arbeidsmag sonder werk.


Die Ford Motor Maatskappy wat in die lente van 1929 128 000 werkers in diens gehad het, was teen Augustus 1931 op 37 000. Teen die einde van 1930 was byna die helfte van die 280 000 tekstielwerkers in New England sonder werk. Voormalige president Calvin Coolidge het met sy kliënte wysheid gesê: 'Wanneer meer en meer mense uit die werk gegooi word, volg werkloosheid.' Hy het vroeg in 1931 weer gepraat. "Hierdie land is nie in 'n goeie toestand nie." Dit is duidelik dat diegene wat verantwoordelik was vir die organisering van die ekonomie wel geweet het wat gebeur het, daarvoor geskok (verbaas) was, geweier het om dit te erken en ander redes gevind het as die mislukking van die stelsel. Herbert Hoover het nie lank voor die drukgang gesê: 'Ons in Amerika is vandag nader aan die finale triomf oor armoede as in die geskiedenis van enige land.' Henry Ford het in Maart 1931 gesê die krisis is hier omdat 'die gemiddelde man nie regtig 'n dag se werk sal doen tensy hy gevang word en nie daaruit kan kom nie. Daar is baie werk om te doen as mense dit sou doen.' 'n Paar weke later het hy 75 000 werkers afgedank.

Daar was miljoene ton kos in die omgewing, maar dit was nie winsgewend om dit te vervoer vir verkope nie. Pakhuise was vol klere, maar mense kon dit nie bekostig nie. Daar was baie huise, maar hulle het leeg gebly omdat mense nie die huur kon betaal nie, uitgesit is en nou in plakkershutte gewoon het in vinnig gevormde 'Hooverilles' wat op vullishope gebou is.

[Aangepas uit: <http://www.historyisaweapon.com/defcon1/zinnsselhel15.html>]

**BRON 2C**

Die foto hieronder is in 1936 deur Dorothea Lange geneem. Dit toon die migrerende moeder van die Groot Depressie, Florence Thompson, 32 jaar oud, die moeder van sewe kinders. Sy was 'n ertjieplukker in Kalifornië. Toe hierdie foto geneem is, het Florence pas haar gesin se huis verkoop om kos te koop.



[Uit: [www.heraldnews.co.za](http://www.heraldnews.co.za) accessed on 08 August 2024]

**BRON 2D**

Hierdie uittreksel beklemtoon die reaksie van die Amerikaanse regering en sakeleiers op die impak van die ekonomiese krisis na die ineenstorting van die aandelemark.

Ondanks die versekering van president Herbert Hoover en ander leiers dat die krisis sy gang sou gaan, het sake oor die volgende drie jaar steeds erger geword. Teen 1930 kon 4 miljoen Amerikaners wat werk soek, dit nie vind nie; die getal het in 1931 tot 6 miljoen gestyg. In die lig van hierdie haglike situasie het Hoover se administrasie probeer om mislukkende banke en ander instellings met staatslenings te ondersteun; die idee was dat die banke op hul beurt aan besighede sou leen, wat hul werknemers sou kon terughuur. Hoover, 'n Republikein wat voorheen as Amerikaanse minister van handel gedien het, was van mening dat die regering nie direk in die ekonomie moet ingryp nie, en dat dit nie die verantwoordelikheid het om werk te skep of ekonomiese verligting vir sy burgers te bied nie. In 1932, met die land vasgevang in die dieptes van die Groot Depressie en ongeveer 15 miljoen mense (destyds meer as 20 persent van die Amerikaanse bevolking) werkloos, het Franklin D Roosevelt 'n oorweldigende oorwinning behaal in die presidentsverkiesing. In sy aanvaardingstoespraak het Roosevelt belowe om die probleme van die Groot Depressie aan te spreek.

[Aangepas uit: U.S. History Primary Source Timeline]

**VRAAG 3: HOE HET HITLER EN DIE NAZI PARTY DIE MAG IN DUITSLAND GEKONSOLIDEER?****BRON 3A**

Die onderstaande bron beklemtoon hoe die Nazi -party die atmosfeer van paniek tot hul voordeel gebruik het na die uitslag van die verkiesing in Duitsland in 1933.

Op 31 Januarie 1933 het Hitler, bewus van sy gebrek aan 'n meerderheid in die Reichstag, onmiddellik 'n beroep vir nuwe verkiesings gedoen om sy posisie te probeer versterk. Die Nazi's het gemik om hul deel van die stemme te vergroot sodat hulle 'n meerderheid in die Reichstag sou hê. Dit sou hulle in staat stel om onbestrede en ongehinderd deur die koalisieregering te regeer. Oor die volgende twee maande het hulle 'n intense verkiesingsveldtog van stapel gestuur. Op 27 Februarie 1933, toe die veldtog in sy laaste, woeste dae, die Reichstag inbeweeg het, is die Duitse parlamentsgebou aan die brand gestee en afgebrand. 'n Atmosfeer van paniek en terreur het op die gebeurtenis gevolg. Dit het voortgeduur toe 'n jong Nederlandse kommunist, Van der Lubbe, vir die misdaad in hegtenis geneem is.

Die Nazi-party het die atmosfeer van paniek tot hul voordeel gebruik en antikommunisme aangemoedig. Goring het verklaar dat die kommuniste 'n nasionale opstand beplan het om die Weimar Republiek omver te werp. Hierdie histerie het gehelp om die publiek teen die kommuniste te laat draai, een van die belangrikste teenstanders van die Nazi's en 4000 mense is in die tronk gesit. Die volgende dag het Hitler die president oorreed om 'n noodbesluit uit te voer wat alle artikels in die grondwet opskort wat persoonlike vryheid, vryheid van spraak, persvryheid en vryheid van vergadering gewaarborg het. Die polisie het noodmagte gekry om huise te deursoek, eiendom te konfiskeer en mense onbepaald sonder verhoor aan te hou. Konsentrasiekampe en aanhoudingsentrums is regoor die land opgerig en dit was vining (gou) gevul.

[Aangepas uit: [www.theholocaustexplained.org](http://www.theholocaustexplained.org) Accessed on 09 August 2024]

**BRON 3B**

Die uittreksel hieronder kyk na Hitler se doel om 'n 'meesterras' in Duitsland te vestig.

In Nazi-Duitsland is rassisme gegrond op 'n obsessie met rassesuiwerheid wat die uiteindelijke vernietiging van ander sogenaamde minderwaardige rassegroepe, veral die Jode, vereis het.

Een van Hitler se hoofdoel wite was om 'n suiwer nasionale gemeenskap te stig - 'n 'meesterras'. Die Nazi -visie van 'n suiwer Ariesse gemeenskap het minderheidsgroepe uitgesluit wat as ongewens of ras onsuier beskou is. In die komende jare sou meer as 'n kwartmiljoen 'Sigeuners' in konsentrasiekampe gegooi word en uiteindelik vermoor word. Jehovah se Getuies is weens hulle godsdiensooruigings gearresteer en vervolgd (gemartel) en baie het in kampe aan slegte behandeling gesterf. Homoseksuele mense is ook opgesluit (gevangene) en duisende het gesterf van hongersnood en brutaliteit.

Die verstandelik en liggaamlik gestremdes het nie voldoen aan die Nazi-ideaal vir 'n suiwer meester-'ras' nie. Byna 200 000 van dié mense is vermoor. Duitsland se klein 'swart' bevolking van etlike duisende het ook nie ontsnap nie. Swart mans en kinders van 'gemengde' huwelike is met geweld gesteriliseer om te verseker dat die rassegroep sou uitsterf. Mense met 'suiwer bloed' (dié met blonde hare en blou oë) is aangemoedig om meer kinders te hê. In 1935 het die leier van die Schutzstaffeln (SS), Heinrich Himmler, 'n projek genaamd Lebensborn geskep, wat 'lente vir die lewe' beteken. Die doel van die projek was om jong "ras-suiwer" meisies die geleentheid te gee om in die geheim geboorte te skenk. Sulke meisies kon na hierdie sentrums kom om 'n baba by een van die SS -offisiere te verwek. Die kinders sou dan van hul moeders geneem word en aan die SS gegee word, wat die leiding geneem het oor hul opvoeding en grootmaak.

[Aangepas uit [www.sahistory.org.za](http://www.sahistory.org.za) accessed on 08 August 2024]

**BRON 3C**

Die spotprent hieronder beeld Jode, Kommuniste en ander vyande van die Nazi's uit wat aan 'n galg hang in 1935.



[From [www.holocaustencyclopedia.com](http://www.holocaustencyclopedia.com) accessed on 09 August 2024]

**BRON 3D**

Hierdie uittreksel hieronder beklemtoon die rede vir die Duitse volk se optrede teen die Jode. Dit is geskryf deur 'n Joodse Duitser, Hans Margules.

Ek was besig om die winkelveenster saam met my baas te versier en toe hoor ons oral glas breek; dit het net nie opgehou nie. Ons het in die straat uitgekyk en 'n massa mense gesien en ons het gesien dat daar by die naburige winkel, al die Joodse winkels, ingebreek is. Die mense wat die vensters stukkend geslaan het, hulle was nie eens in uniform nie, hulle was net jong seuns met stokke wat hulself uiters geniet het. Dit was die einde van Joodse sake in Duitsland.

... 'n Duitser moes sy gesin voed. Hy was nie antisemities nie, maar hy moes doen wat die party wou hê, hy moes aan die party behoort om sy werk voort te sit, om sy gesin te voed, en soos dit herhaal is, was die Jode verskriklik, dit moes in mense se koppe gegaan het. Hulle moes gedink het - wel, miskien is dit reg. U kan nie al die Duitse mense oordeel nie ... almal moes sag praat ... Vrees... dit was 'n diktatuur.

[Aangepas uit: *The dawn of the century to the start of the Cold War*, London: BBC Books.]

**VERWYSINGS**

Visual sources and other historical evidence were taken from the following:

*In Search of History*, Grade 11, Jean Bottaro, Pippa Visser & Nigel Worden

[tutorchase.com](http://tutorchase.com) – Oxford University: BA History

Russia and the USSR 1905 – 1995, Oxford University Press, 2000 by T Downey

*The Great Depression: An Overview* by David C. Wheelock

<http://www.historyisaweapon.com/defcon1zinnselhel15.html>

U.S. History Primary Source Timeline

[www.holocaustencyclopedia.com](http://www.holocaustencyclopedia.com)

*The Great Depression: An Overview* by David C. Wheelock

<http://www.historyisaweapon.com/defcon1zinnselhel15.html>

[www.heraldnews.co.za](http://www.heraldnews.co.za)

[www.theholocaustexplained.org](http://www.theholocaustexplained.org)

[www.sahistory.org.za](http://www.sahistory.org.za)

*The dawn of the century to the start of the Cold War*, London: BBC Books



# education

Department:  
Education  
North West Provincial Government  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## PROVINSIALE ASSESSERING

**GRAAD 11**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2024**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**



**Testpapers.co.za**

**1. BRONGEBASEERDE VRAE****1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  | Gewig van vrae      |
|-------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------|
| <b>VLAK 1</b>     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek bewyse uit bronne</li> <li>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne</li> <li>• Definieer historiese konsepte/terme</li> </ul>                                                                                                                                                     | <b>30%<br/>(15)</b> |
| <b>VLAK 2</b>     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne</li> <li>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is</li> <li>• Ontleed bewyse uit bronne</li> </ul>                                                                                                                                                                | <b>40%<br/>(20)</b> |
| <b>VLAK 3</b>     | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne</li> <li>• Raak betrokke by bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings daarvan te bepaal</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings</li> </ul> | <b>30%<br/>(15)</b> |

**1.2 Die onderstaande inligting dui aan hoe brongebaseerde vrae beoordeel word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursief aangedui.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord

- Let op die punteskema bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en elk kry twee punte (✓✓✓✓); (1 x 2) wat beteken dat een rede gegee word en kry twee punte (✓✓)
- As 'n vraag 4 punte tel, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓)

**Paragraaf vraag**

Paragrafe moet holisties (globaal) beoordeel word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word by die toekenning van 'n punt. Die volgende stappe moet gebruik word by die beoordeling van 'n antwoord op 'n paragraafvraag:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolletjie (•) op elke punt binne die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees die paragraaf weer om te evalueer in watter mate die kandidaat relevante bewyse kon gebruik het om 'n paragraaf te skryf.

- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies aan (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is; sowel wel as the vlak (1, 2 or 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking bv.

---



---

Vlak 2 ✓✓✓✓✓

Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die regmerkies op die regterkantse onderste kantlyn, bv. 32  
50
- Maak seker dat die totale punt akkuraat oorgedra word na die voor-/agterblad van die antwoordskrif.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

In staat wees om hul argument op 'n logiese en samehangende manier te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbind sodat hulle 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument kan aanbied om die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde bewyse en 'n gevolgtrekking bevat.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

Kandidate kan enige ander relevante inleidings en/of gevolgtrekkings hê as dié wat in 'n spesifieke opstelmerkriglyn vir 'n spesifieke opstel ingesluit is.

### 2.3 Globale beoordeling van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) beoordeel word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as geheel beoordeel, eerder as om die hoofpunte van die opstel afsonderlik te beoordeel. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument te skryf deur relevante bewyse te gebruik om die argumentlyn te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om bloot inhoud (feite) op te kikker ten einde 'n vlak 7 (hoë punt) te bereik nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om opstelle voor te berei en weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee erkenning aan leerders se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudsgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse (relevante inhoudseleksie)
- Die konstruksie van argument (beplan, gestruktureer en het 'n onafhanklike argumentslyn).

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die samevatting in gedagte wanneer u die opstel beoordeel.

2.4.2 Tydens die lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (wat aangedui word deur 'n kol/punt in die nasienriglyn), die hoofaspekte/liggaam van die opstel wat die argumentslyn onderhou /verdedig (wat aangedui word deur kolle in die nasienriglyn) en 'n relevante gevolgtrekking (wat deur 'n kol in die nasienriglyn aangedui word). Byvoorbeeld, in 'n opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, kan daar ongeveer sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die beoordeling van 'n opstel.

|          |                                                                                                                                                                                                                               |
|----------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>P</b> | <b>Point:</b> Die kandidaat stel die opstel bekend deur 'n argumentlyn in te neem / 'n belangrike punt te maak.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argumentlyn) wat in die inleiding gemaak is, onderhou. |
| <b>E</b> | <b>Explanation:</b> Die kandidaat moet in meer besonderhede verduidelik waarom die belangrikste punt gaan en hoe dit verband hou met die gestelde vraag (argumentlyn).                                                        |
| <b>E</b> | <b>Example:</b> Kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is vir die argumentlyn. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argumentslyn te handhaaf.                                            |
| <b>L</b> | <b>Link:</b> Kandidaat moet toesien dat die argumentslyn deurgaans volgehou word en samehangend geskryf word.                                                                                                                 |

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** gebruik word by die beoordeling van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en gevolgtrekking nie behoorlik gekontekstualiseer nie 
- Verkeerde stelling 
- Irrelevante stelling 
- Herhaling R
- Analise A✓
- Interpretasie I✓
- Lyn van argument LOA 

## 2.5 Die matriks

### 2.5.1 Gebruik die matriks in die nasien van opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos in die matriks voorsien, gebruik word. By die beoordeling van die opstelnota sowel die inhoud as die aanbieding. By die kruising van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

- (a) Die eerste lees van die opstel is om te bepaal in watter mate die belangrikste aspekte behandel is en om die **inhoudsvlak** toe te ken (op die matriks).

|   |        |  |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 |  |
|   |        |  |

- (b) Die tweede lees van opstelle hou verband met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

|   |        |  |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 |  |
| A | VLAK 3 |  |

- (c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

|   |        |        |
|---|--------|--------|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 |        |

### KOMMENTAAR

Sommige weglatings in die inhoudsdekking.  
Pogings om 'n argument te handhaaf.

**GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE: 50**

| <b>AANBIEDING</b><br><br><br><b>INHOUD</b><br> | <b>VLAK 7</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                       | <b>VLAK 6</b>                                                                                                                                                                                                                             | <b>VLAK 5</b>                                                                                                                                                  | <b>VLAK 4</b>                                                                                                                                          | <b>VLAK 3</b>                                                                                                                                               | <b>VLAK 2</b>                                                                                                                                         | <b>VLAK 1*</b>                                       |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                                  | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Ontwikkel 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentlyn met die gebruik van bewyse, onderhou en verdedig die argument deurgaans. Onafhanklike gevolgtrekking word gemaak uit bewyse om die argumentlyn te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Ontwikkel 'n relevante argumentlyn. Bewyse wat gebruik word om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argumentlyn te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argumentlyn te ondersteun. | 'n Argument beplan en gekonstrueer. Bewyse wat tot 'n mate gebruik word om die argumentslyn te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse. | Toon bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Poging om 'n argumentlyn te handhaaf. Gevolgtrekkings word nie duidelik deur bewyse ondersteun nie. | Pogings om 'n antwoord te struktureer. Largely beskrywend of 'n poging om 'n argumentslyn te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Min of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| <b>VLAK 7</b><br>Die vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant vir argumentlyn.                                                                                                            | <b>47–50</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                        | <b>43–46</b>                                                                                                                                                                                                                              |                                                                                                                                                                |                                                                                                                                                        |                                                                                                                                                             |                                                                                                                                                       |                                                      |
